PREEK
23 SEPTEMBER 2018
(AFSKEIDSPREEK)

TEKS: Matt 9: 9-13 (Matt 28: 20; Joh 17:18)
TEMA: "The show must go on"

YSBREKER: Wie is jou vriende van voorkeur. (Laat gehoor dit met mekaar deel). Met die voorbereiding vir die preek het verskeie tekste hulself aangebied as teks vir dié dag. Uiteindelik het die roepingsverhaal van Matteus, die tollenaar, my tekskeuse geword. Die teks het my laat dink aan die liedjie van Queen:

Empty spaces ***what are we living for***
Abandoned places I guess we know the score
On and on, ***does anybody know what we are looking for***
Another hero, another mindless crime
Behind the curtain, in the pantomime
Hold the line, ***does anybody want to take it anymore***
The show must go on
The show must go on
Yeah
Inside my heart is breaking
My make-up may be flaking
But my smile still stays on
Whatever happens, ***I'll leave it all to chance***
Another heartache, another failed romance
On and on, ***does anybody know what we are living for?***
I guess I'm learning (I'm learning), I must be warmer now
I'll soon be turning (turning, turning, turning), round the corner now
Outside the dawn is breaking
But inside in the dark I'm aching to be free
The show must go on
The show…
The show must go on
The show must go on (yeah yeah)
Ooh, inside my heart is breaking
My make-up may be flaking
But my smile still stays on
Yeah
My soul is painted like the wings of butterflies
Fairy tales of yesterday will grow but never die
I can fly my friends
The show must go on, yeah
The show must go on
I'll face it with a grin
I'm never giving in
On with the show
Ooh, I'll top the bill, I'll overkill
I have to find the will to carry on
(On with the show, on with the show)
Show (show must go on, go on)

Die lied wemel van waarom vrae, innerlike pyn en speel af teen die agtergrond van 'n lewens en wêreld-beskouing waar toeval die botoon voer. Die lewe moet aangaan, maar die roete is meer 'n doolhof as een met padtekens van 'n definitiewe waarheen.

In die roepingsverhaal van Matteus vind ons 'n baie besondere reisverhaal. Daar is drie momente:

1. Die rede vir Jesus se aardse verhaal
2. Die uitnodiging van Jesus aan Mattheus om Hom op sy reis te volg.
3. Hoe pak jy dié reis aan.

1. **<u>DIE REDE VIR JESUS SE AARDSE REISVERHAAL.</u>** Toe die engel die nag vir Josef inlig dat Maria aan 'n seuntjie geboorte gaan skenk en dat sy naam Jesus, moet wees, is 'n eeue oue profesie vervul (Matt 1:22 = Jes. 7:14). Jesus beteken: "Hy wat sy volk van hul **sonde** gaan **verlos**." Wanneer die Fariseërs ontsteld vra waarom Jesus saam met tollenaars en sondaars eet, was Sy antwoord: "Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar **sondaars**" (vs 13) Sondaars is mense wat op 'n verkeerde pad is. Hulle het afgedwaal en is nou verdwaal. Of hulle was nog nooit op die regte pad nie. Hulle word maklik afgeskryf en as "outsiders" geëtiketteer deur diegene wat meen hulle is op die regte pad. Hulle is anders, lyk anders, praat anders en lewe anders! Ons kry hulle in alle kulture, geslagte, beroepe, stande en ouderdomsgroepe. Eintlik is dit waar van ons almal (Rom 3:22). Maar in dié verhaal ontmoet ons mense, die Fariseërs wat hulself bo die sondaarkategorie beskou. Die sulkes is benede hulle. Jy meng nie met hulle nie –veral nie as jy 'n leiersfiguur in die samelewing is nie. Jy moet tog immers 'n voorbeeld stel. Mense kyk op na jou! Dit is waarom die Fariseers dan ook vir Jesus kwalik neem omdat Hy by tollenaars en sondaars aan huis gaan. Hy is immers 'n leermeester. Daarom die vraag aan Jesus se dissipels: "**waarom**" eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars" (vs 11). Dié optrede van Jesus was riskant. Hy is gekritiseer, veroordeel en selfs gebrandmerk as 'n vraat, 'n wynsuiper en 'n vriend van sondaars (Luk. 7:34). Vandag loop gehoorsame kinders van die Here steeds die risiko. Dié risiko, hoe ironies ook al, kom dikwels steeds vanaf die binnekant van die kerk. Soos die Fariseers van ouds is daar steeds vandag "gelowiges" wat dit vreemd (lees: afstootlik) vind as een van hulle mense te veel tyd met slegte soort mense spandeer. Die gevaar is mos dat as jy jou met die semels meng, vreet die varke jou op. Laat staan nog as so 'n sondige persoon dit binne die kerkgebou sou waag. Dit is immers heilige grond! Maar Jesus laat Hom nie intimideer nie. Hy weet wie Hy is en Hy weet waarom Hy hier is. Hy weet ook dat Hy op die regte pad is – die pad waar mense die spoor byster geraak het-die sondaars-pad.

2. **<u>DIE UITNODIGING VAN JESUS AAN MATTHEUS OM HOM OP SY REIS TE VOLG:</u>** Op 'n dag kruis Jesus en Matteus se paaie. Jesus sien hom raak en nooi hom: "**volg My**". Die uitnodiging kan so maklik misverstaan word en sou Jesus sê: "Kom weg daar waar jy is. Dit is 'n verkeerde plek. Kom agter My aan na 'n beter plek waar beter mense is." Maar dit is nie die bedoeling van "volg My" nie. "Volg" beteken eintlik "gaan"! Met ander woorde Jesus stuur Sy dissipels (=kerk) na die wêreld. Na wie? Na dieselfde mense van wie Hy in Matt 9:13 sê: hulle is "sondaars", =verlore skape (Luk. 15: 1-7), die verlore muntstuk – mense (Luk. 15: 8-10). Hulle is die teikenmerk van die kerk. Na die wat afgedwaal/weggeraak het om hulle te vind. Hulle is binne ons eie geledere (=onder jou eie mense) sowel as daar buite (=mense wat nie tot jou eie groep behoort nie. Joh 10: 14-16). In Matt 28: 20 vind ons Jesus se laaste opdrag aan die kerk: "gaan", maak dissipels…" van alle mense onder al die nasies. Matteus, die tollenaar, moet Jesus volg en in die proses sou hy ontdek dat Jesus se voetspore, oral gevind word waar mense die "pad" verloor het. Net soos Jesus hom raakgeloop en gevind het, sal hy mense raakloop vir wie hy moet nooi: volg my. Maar die keer is die "volg my" gekwalifiseer. Volg my, soos wat ek Jesus volg, sê Paulus in 1 Kor. 11:1. Paulus was die beste voorbeeld van iemand wat verstaan wat "volg my" beteken. Sy verhaal in Hand 9, 13-28 en sy 13 briewe vertel die verhaal van 'n man wat Sy lewe daartoe gewy het om volgelinge vir Jesus te werf. Geen risiko was vir hom te groot nie. Soos Jesus was hy bereid om sy lewe op die spel te plaas. Om Jesus te volg, beteken immers om jou kruis op te neem, so waarsku Jesus self sy kerk in Luk. 14: 27.

Kruis-dra volg altyd die Via Dolorosa roete – die lydingsweg. Matteus sou dit ook ontdek. Ek en jy ook! Om Jesus te volg, beteken dus nie om na 'n veilige gebied te ontsnap nie. Nee "volg My" beteken dat jy die risiko van die "waarom" – vrae in eie geledere trotseer sodat jy by dié daar buite met al hul "waarom" / waarheen – vrae kan uitkom. Freddie Mercury vra: "does anybody know what we are looking….living for". Hierin verwoord hy al die waar / waar toe vrae. In die sinloosheid waar toeval deur 'n dobbelsteen se gooi bepaal word, word ons as kerk genooi om die goeie nuus mee te deel: Jesus is die uit-Weg uit die doolhof na die lewe (Joh. 14: 16, 10:10). En wie beter as Matteus wat deur Jesus gevind is, by Hom 'n veilige tuiste van grenslose genade, onvoorwaardelike liefde gevind het, verstaan dié behoefte van ander tollenaars/sondaars. Hy was immers self daar. Jesus het mense soos hy bevriend, en so hul vertroue gewen. En wie kan weier om Sy uitnodiging te aanvaar. En as jy Hom dan volg, vind jy Sy spore op die mees onwaarskynlike plekke en by die mees onwaarskynlike mense.

3. **<u>HOE PAK JY DIE REIS AAN?</u>** Om Jesus vandag op dié weg te volg, is dit belangrik om sy strategie goed te bestudeer. Daar is drie Engelse woorde wat ons daarmee het: "**belong**, **believe, behave**" (WENK: Skryf die drie woorde elk op 'n A4 en vra dat mense dit in die regte volgorde plaas). Sommige rangskik dit as volg: believe, behave, belong". Daarmee sê hulle dat jy eers kan behoort as jy glo en as jy jou gedra. Waar mense so dink, is dit nie 'n veilige ruimte vir "anders denkendes" nie. Dit is die tipiese ervaring wat Jesus by die Fariseër gevind het. Dit sluit uit, is ongasvry en veroordelend. Jesus se strategie begin altyd by "beloning". Hy knoop verhoudings aan, wen mense se vertroue en skep so 'n veilige ruimte. Niemand word byvoorbaat gediskwalifiseer op grond van voorkoms, leefstyl en gedrag nie. "Belonging" is een van die basiese behoeftes van elke mens. As gemeente is ons nie 'n klub waar slegs voëls van eenderse vere gereeld saamkom en almal dieselfde wysie sing nie. Toegang is gratis, vir almal - òòk vir dié wat glad nie die wysie ken nie. Ons roeping is om lief te hê en genade te leef. By ons moet mense 'n tuiste vind. Verhoudings waar vertroue gebou word, moet te alle tye voorrang geniet. Dit is hoe Jesus te werk gaan en dit is hoe ons in navolging van Hom te werk moet gaan. Wanneer ons in navolging van Jesus doen wat ons moet doen, volg die res. God doen dit self. Hy wek deur die Heilige Gees geloof in ons(1 Kor. 4:13) sowel as gedrag wat pas by mense wat Jesus volg (Gal 5: 13-25). Wanneer mense eers tuiskom /-wees ervaar, is hul meer oop vir lering. Gedragsverandering volg omdat Geesgevulde rolmodelle hul wys/leer hoe. Niemand ervaar dan veroordeling nie. Elkeen wat deur Jesus genooi is om Hom te volg, weet maar te goed dat alles net genade is, onverdiende guns. Daar is nie spasie vir meerderwaardigheid nie. Hoe langer jy Jesus volg hoe groter die besef van God se liefde, genade, barmhartigheid sy geregtigheid en heiligheid. Dit wek dankbaarheid, nederigheid en diensbaarheid. Waar die Heilige Gees dié vrugwerking bewerk, koester ons die sulkus as ons voorkeur vriende. Dankbaar sing ons ook "Wat 'n vriend het ons in Jesus"…. en ons vind sulke vriende onder hulle wat Hom volg. Dan roep Jesus ons na analogie van die verhaal van die barmhartige Samaritaan: Gaan en wees jy nou ook 'n voorkeur vriend vir iemand daar buite. The show must go on! Vir meer as 10 jaar het ons saam in die spore van Jesus geloop. Met ons vertrek loop Jesus se spore nie saam met ons s'n dood nie. Hy nooi julle steeds: "Volg My" En "volg" beteken "gaan". Gaan en maak dissipels! Skep tuiskom – ruimtes vir almal en God sal vir die res (geloof, gedrag) sorg. Mag die Drie-Enig God julle op dié reis seën met al die seëninge wat daar in die hemel is.

AMEN